

Skriflesing: Eksodus 2Teks: **Eksodus 2:23-25**Sing- **VOORAF SANG: Ps. 89:6, 17****TYDENS EREDIENS: Ps. 145:1,2,12; Ps. 130:3,4; Ps. 125:1,2; Ps. 149:1,2****Eksodus 2****Exo 2:1** 'n Man uit die stam Levi was met 'n Levitiese meisie getroud.**Exo 2:2** Die vrou het swanger geword en 'n seuntjie in die wêreld gebring. Toe sy sien hoe mooi is hy, het sy hom drie maande lank weggesteek.**Exo 2:3** Langer kon sy hom nie wegsteek nie. Daarom het sy vir hom 'n biesiemandjie gekry en dit met klei en pik dig gemaak. Sy het die seuntjie daarin neergelê en dit tussen die riete aan die kant van die Nyl gesit.**Exo 2:4** Sy suster het op 'n afstand gaan staan om te sien wat met hom gebeur.**Exo 2:5** 'n Dogter van die farao het afgegaan Nyl toe om te swem, en die jongmeisies wat haar vergesel, het aan die kant van die rivier geloop. Toe sy die mandjie tussen die riete sien, stuur sy haar diensmeisie om dit te gaan haal.**Exo 2:6** Met die oopmaak sien sy dit is 'n seuntjie en hy huil. Toe kry sy hom jammer en dink: dit is seker een van die Hebreuse seuntjies.**Exo 2:7** Sy suster kom sê toe vir die farao se dogter: "Mag ek vir u 'n vrou gaan roep, 'n Hebreuse vrou met 'n pasgebore baba, dat sy die seuntjie vir u kan laat drink?"**Exo 2:8** Die dogter van die farao het haar geantwoord: "Ja, goed!" Die meisie het toe die seuntjie se ma gaan roep.**Exo 2:9** Toe beveel die farao se dogter die ma: "Neem hierdie seuntjie en laat hom vir my drink. Ek sal jou daarvoor betaal." Die vrou het die seuntjie geneem en vir hom gesorg.**Exo 2:10** Toe hy oud genoeg was, het sy hom na die dogter van die farao toe gebring, wat hom as haar eie seun aangeneem het. Sy het hom Moses genoem, "want," het sy gesê, "ek het hom mos uit die water gehaal."**Exo 2:11** Toe Moses al 'n volwasse man was, het hy op 'n keer na sy eie mense toe gegaan en gesien dat hulle dwangarbeid verrig. Hy sien toe hoe een van sy eie mense, 'n Hebreër, deur 'n Egiptenaar geslaan word.**Exo 2:12** Nadat Moses rondgekyk het en niemand gewaar het nie, het hy die Egiptenaar doodgeslaan en hom onder sand toegekrap.**Exo 2:13** Die volgende dag gaan hy weer, en tot sy verbasing was daar twee Hebreuse manne aan die baklei. "Waarom slaan jy aan jou broer?" vra hy vir die een wat die rusie begin het.**Exo 2:14** "Wie het jou aangestel as baas en regter oor ons?" vra die ander. "Wil jy my miskien ook doodslaan, soos jy die Egiptenaar doodgeslaan het?" Toe skrik Moses en hy dink: die ding het bekend geword.**Exo 2:15** Toe dit by die farao uitkom, wou hy vir Moses laat doodmaak, maar Moses het van hom af weggevlug en in Midian gaan woon. Terwyl hy daar by 'n put sit,**Exo 2:16** het die sewe dogters van 'n priester van Midian kom water skeep om die drinkbakke vol te maak en hulle pa se kleinvee te laat suip.**Exo 2:17** Toe daar veewagters aankom en die dogters wegjaag, het Moses opgestaan en hulle gehelp en hulle kleinvee laat suip.**Exo 2:18** Met hulle aankoms by hulle pa Reüel het hy gevra: "Hoe het julle dan vandag so gou gekom?"**Exo 2:19** en hulle antwoord: "Daar was 'n Egiptenaar, en hy het ons gehelp teen die veewagters. Boonop het hy vir ons water geskep en die kleinvee laat suip."**Exo 2:20** Toe vra die priester vir sy dogters: "Waar is hy? Waarom het julle die man daar laat staan? Gaan nooi hom huis toe om by ons te kom eet."**Exo 2:21** Moses het ingewillig om by Reüel te kom woon, en is later met sy dogter Sippora getroud.**Exo 2:22** Toe sy 'n seuntjie kry, het Moses hom Gersom genoem, "want," het hy gesê, "ek woon as vreemdeling in 'n vreemde land."**Exo 2:23** Die jare het verbygegaan, en die koning van Egipte het te sterwe gekom, maar die Israëliete het nog steeds gesug en gekreun onder die swaar werk. Hulle geroep om hulp het tot God opgegaan.**Exo 2:24** God het hulle gekerm gehoor en aan sy verbond met Abraham, Isak en Jakob gedink.**Exo 2:25** Hy het die nood van die Israëliete gesien en dit ter harte geneem.

Skriflesing: Eksodus 2Teks: **Eksodus 2:23-25**Sing- **VOORAF SANG: Ps. 89:6, 17****TYDENS EREDIENS: Ps. 145:1,2,12; Ps. 130:3,4; Ps. 125:1,2; Ps. 149:1,2**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus- Die groot temas wat ons dwarsdeur Eksodus aan moet vashou is dat God se teenwoordigheid kan veral op drie maniere raakgesien word. Ons sien hoe God mense kan verlos maar ook hoe God mense kan straf, o.a. deur mense aan hulle eie lot oor te laat. Eksodus bevestig keer op keer dat God moet in die lewe van sy kinders en in die lewe van volkere raakgesien geword. Dikwels tree God so op dat sy kinders Hom moet kan raaksien. Benewens sy teenwoordigheid gaan dit oor sy roemryke krag. In sy almag kom Hy na vore as die Een wat kan verlos of as die Een wat kan straf. Daar is vóór hierdie God geen middeweg nie. Niemand kan neutraal teenoor God staan nie. Of jy is vir Hom of jy is teen Hom. Sy geregtigheid is altyd aan die werk in hierdie wêreld.

Net so 'n belangrike tema wat ons dwarsdeur Eksodus vasvang is dat God met sy kinders 'n lewende verhouding verlang. Sy verbond is besig om sy arms om jou te slaan. Dit hou jou vas, selfs die tye wat jy nie meer weet hoe ek verder sal kan gaan nie. Dit gee aan jou 'n toekoms wat niemand van jou kan wegvat nie. Al is die hede nie maklik nie en sal dit ook nie sommer gou makliker gemaak word nie.

In hoofstuk 1 van Eksodus is daar gepoog om Israel van die steengroewe tot die Nyl-water vas te druk, hulle seuntjies te laat sink. Daar is gepoog die volk se toekoms van hulle weg te neem. Drie planne, drie maniere waarop Farao gepoog het om Israel se aanwas tot net dogtertjies in te perk. Eers was dit 'n beleid van laat Israel hulle doodwerk. Laat hulle stene maak in die mate dat hulle eintlik self versteen. Hulle moet voorraadstede bou. Ironies Josef het die Egiptenare geleer hoe belangrik voorraadstede is, nou moet die nageslag van Jakob en Josef hulle teen die grond werk om nog sulke stede te bou. Dit wat tot seën gedien het, word nou misbruik. Die boer wat 'n plan kon maak, nou word daar 'n plan met die boer gemaak, nie noodwendig dit wat goed is nie. Soms kry die nageslag nie uit die goeie van die voorgeslag gelewe nie. Trouens dit wat goed was, het nou 'n sware las kon word. Iets van 'n manlike opdrag, want as die mans hulle bykans moet doodwerk en hulle word in hulle werk byna doodgeslaan, omdat die kwotas net te veel geword het, dan sal die volk kleiner word. Die Farao-plan het nie gewerk nie, want jy werk

nie en jy slaan nie die lewe van die verbond uit 'n mens nie. Israel se getalle is steeds aan die groei daarom die ironie wat Farao nou bedink dat 'n manlike plan benodig nou 'n vroulike plan en dis juis hier waar Farao hom die meeste misgis.

Vrouekrag en vroue-geloof en vroue-betrokkenheid is dit wat hierdie wêreld dikwels 'n beter plek kom maak. Farao seker die magtigste mens op aarde op daardie stadium, maar die Bybel beskou hom nie belangrik genoeg om ons eers sy presiese naam te noem nie. Hy is maar net nog 'n Farao al sou hyself nie so dink nie, maar in die Here se Woord word twee vroue, merkwaardige vroue, op hulle name genoem. Sifra en Pua. Hulle name staan nie verniet in 'n ry van vroue wat die Eksodus-kerk later die Eksodus-trek kon laat word nie. Hulle opdrag was om dood te maak waar Israel die lewe gee, maar God werk in hulle harte om lewe wat gegee word lewe te laat wees.

Dit wat Farao nie wil nie, dit dryf hom tot die verskriklike van verdrink die seuntjies. Laat die rivier die lewe uit hulle haal. En juis waar seuntjies sterwe daar laat God weereens die lewe spreek. Twee Leviete word lief vir mekaar, 'n Levitiese man trou met 'n dogter uit die geslag van Levi. Priesterlike mense. Hulle oudste is 'n dogtertjie en na haar die skrikwekkende gebeurtenis van 'n seun word vir ons gebore. Boonop is hy mooi en die gesin steek hom weg, drie maande lank. Liefde wil dit wat mooi is nie graag weggee nie, nog minder laat wegsink ...

In alle geval hoe hy jy so 'n babatjie stil, al is hy mooi. En daarom die volgende plan dat juis die Nyl se water, dit wat die ander seuntjies doodmaak, daar word hierdie kindjie in 'n biesiemandjie neergelê, die mandjie was dig met lym en kleigrond bestryk en tussen die riete aan die kant van die Nyl neergesit. Sy ouer sussie moet 'n oog oor haar boetie hou. Die groot ironie is waar God vroue in sy diens stel, eenkant Moses se sussie, nou die wrede Farao se dogters, nog weer vroue, en hulle gebruik die rivier as badplek. Dit wat doodmaak plek was, Moses se veronderstelde doodsbed, dit word Moses se reddings plek, dit word nou reinigingsplek. Dis soos 'n reddingspakket wat aangebied word. Die kindjie word sommer gou genoem na wat gebeur. Hy kry 'n Egiptiese naam wat beteken hy is uit die water getrek. Nie net uit die vrugwater soos die woord 'n Egiptiese inslag ook kon hê nie, maar uit die rivier getrek. Hy word soos 'n Egiptenaar genoem en tog kon sy sussie hulle ma gaan roep, sy kan haar kind vir eers nog weer voed. Wie

hierin nie God se voorsienigheid raaksien nie, sal min van die res van Eksodus kan begryp. God voorsien keer op keer.

Al word die kindjie voor gesorg en is hy aan die Egiptiese vrou teruggegee wat hom soos haar eie kon grootmaak, gevoed, geleer soos die Egiptenare dit doen. Die beste van opleiding en spraakleer was seker daarby wat die gehakkel van die kindjie gou sou agterkom maar dit nie uit hom sou haal nie. Die verwarring tussen tale kan natuurlik ook by 'n mens 'n gehakkel afgee. So min soos die gehakkel uit hom gehaal kon word, so min haal jy die verbond uit 'n mens uit. Die verbond wat in heiligheid in ere gehou moet word en wat nasietrots en selfrespek en my slawevolke se identiteit aantrek.

Want het die jongman een van die eerste groot oortredings in sy lewe begaan, dit op die gebied van die nasionale, waar nasionalisme en patriotisme verstrengel raak is dat asof die geslag waaruit Moses kom, Levi, sy bloed wat so maklik kan kook, niemand kry die bloed afgekoel nie. Die eerste Levi, seun van Jakob was al die man wat met sy ouer broer Simeon wrede wrekers was toe die vors van Sigem hulle sussie Dina verkrag het. U kan die wrede geskiedenis in Gen. 33-35 gaan nalees. Hoe bedrieglik, hoe wreed hulle die manne van Sigem gedood het, onder die dekmantel van julle moet julle laat besny. Toe al die manne van Sigem se krag in duie was vanweë die snit aan hulle lewe, toe word die lewe uit hulle gehaal. Verskriklik dit wat in die naam van godsdienste, onder die dekmantel van godsdienste kan plaasvind. Die besnydenis wat 'n godsdienstige daad moes wees word hier misbruik om andere te wreek. Jakob het dit nie goedgekeur nie. Jakob noem op sy sterfbed sy seuns dat hulle broers is, maar wrede wrekers. Dit het gemaak dat die broers nie die besondere seën kon ontvang, waarop hulle dalk geregtig kon wees nie, maar hulle moorde het soos skandvlekke, geestelike geboortevlekke die kinders bly aanklewe.

Nou ook weer Moses, opvoeding keer hom nie om in daad van politiek, in 'n daad van oordrewe nasionalisme kop te verloor nie. Die wit wolwe van hulle tyd! Die Hebreër-skrywer het wel die mooie agter Moses se motief wou benadruk maar die uitdrukking hiervan was eiesinnig en eiewillig soos dit nie mag gebeur het nie. Hebreërs 11:24-25 staan die mooie: *24 Deur die geloof het Moses, toe hy grootgeword het, geweier om die seun van Farao se dogter genoem te*

word, 25 omdat hy verkies het om liever sleg behandel te word saam met die volk van God as om 'n tyd lank die genot van die sonde te hê. Dit wat die geloof my nasionalisme moet laat temper was nie in die gekookte Moses genoeg getemper nie, 'n onbesonne daad wat hom swakker agtergelaat het as die swakste wat daar op daardie stadium onder sy volk was.

Die volk wat hy gemeen het hy staan op vir hulle. Direk na hy die Egiptenaar kon dood wat sy broer wreed te nakom toe sien hy sy broervolk, volksgenote, twee van hulle, ook onder mekaar baklei. Lojaliteit het ongelukkig nie altyd net met geloof te make nie. Hoe dikwels het dit juis niks met geloof te make nie, want sy eie broers waar Moses vrede met hulle wou bespreek, bespreek hulle sy vorige dag se moord. Wat help Moses se nasionale lojaliteit as jou eie broers die bloed aan jou hande op jou terugspat, want wie verward die grense tussen kerk en volk miskyk, bevind hom baie gou nóg in die kerk, nóg in die volk. Dit het die verwarde lewe van Moses die volgende 40 jaar geword. Die volk wat hy gedink het hy naby hulle wees en in hulle belang wil optree het die groot hakskeenbyters geword, maar selfs daarmee het God ook 'n doel. Moses word uit sy volk gedryf, hy moet van alles en almal wegvlug ...

Dis asof hy identiteitloos die woestyn moet invlug in die besef my ware identiteit lê nie in die eerste plek in wat die geskiedenis vir my wil voorsê of wat my volk vir my wil voorhou nie, maar jou identiteit word gevorm in waar God besig is om jou karakter te vorm. Soos klei in God se hande is elke kind van Hom. Die volk is in alle geval net so die klei as wat jy dit is. Hier kom die identiteit van Jesus Christus ter sprake wat ons na sy Beeld vernuwe moet word want alleen in Hom, ja in wat Christus ons voorgegaan het maar ook in wat Hy nagevolg moet word, in sy navolging lê baie meer as maar net 'n goeie voorbeeld. In Hom moet jy jou lewe vind, maar ook die Een wie jy moet wees! 'n Volk wat sy identiteit verloor het (wat ek ongelukkig op die stadium dink met die Afrikaner die geval is) is in alle geval 'n volk wat lankal reeds die ware Christus verloën het. Om te verloën is maar die eerste trappe tot verloor ...

'n Volk wat nie meer na God se geboorte wil luister nie, so 'n volk ken nie sy ellende nie, ken nie ware liefde nie, maar word net nog 'n groter prooi van die haatlike self wat hy reeds was. Dit word so 'n harde leerskool en dit is iets van die katkisasie wat die volgende 40 jaar in die woestyn Moses se katkisasie moes word. Nog Egiptenaar, nog Israëliet, maar hier kom nou weer

vroue in Eksodus ter sprake. Eksodus het nou maar net 'n manier om die herstel van die lewe by die vroue te gaan haal. Levi waaruit Moses kom het 'n priesterlike geslag moes word, nou kom Moses in die vreemde land en 'n heidense priester kan ons aanvaar, het sewe dogters vir wie Moses in die bres tree na hulle soveel moeite ondervind net om hulle pa se vee water te gee. Die ironie is as hulle pa hulle vra waarom het julle vandag so gou reggekom by die waterkrippe dan noem hulle vir Moses na die identiteit wat hy gehoop het om te kon afskud- vers 19: ... *'n Egiptiese man het ons uit die hand van die veewagters verlos; en hy het ook volop vir ons geput en die vee laat drink*. Dis wel nie Moses se identiteit wat maak dat die pa die man nader na sy dogters laat kom het nie, maar wel sy weldaad.

Daar gebeur in alle geval in Midian die dinge wat 'n huwelik moontlik maak, maar nie noodwendig die dinge wat maak dat Moses suiwer in leer en lewe voorgehou sou kon word nie. Nie die dinge wat my die pad terug na my identiteit aandui nie. Moses se eerste kind 'n seun – Gersom- vertel iets van 'n intense identiteitsstryd- die vreemde vrou maak nie die land minder vreemd nie- Gersom beteken *ek het 'n vreemdeling in 'n vreemde land geword* (v 22). Die pad na die brandende bos wat 'n roepingspad moes word gebeur nie in een dag nie. Daar het baie jare verloop – weer 40 jaar - wat hierdie man wat uit die Faraohuis, koningshuis kon kom, die vernederde vervolgde vreemde lewe soos van 'n herder in die woestyn moes rondwaal, met 'n ander volk sy vrou vind, met 'n ander sy ware identiteit moes terugvind, niks hiervan gebeur oornag nie. Dit alles teen die agtergrond van God is aan die werk.

God dink aan sy verbond op 'n manier wat ek die meeste kere nie so daaroor dink nie. Ons wat met ons gene wil dink terwyl geloofsdenke nodig was, (verbondsdenke) en nie genetiese denke nie. Die wonderlike is God sal sy verbond nie vergeet nie. Dis die wonderlike einde van 'n hoofstuk waar 'n man en sy volk – die Eksodus-kerk- juis nie wonderlik goed geleef het nie. God hoor die gekerm, Hy hoor die klagtes, Hy dink aan sy verbond met Abraham Isak en Jakob en hoe mooi staan dit in die laaste vers- die man buite Israel en tog van Israel sou dit ook moes besef, die man buite Egipte en tog moet dit altyd wees- uit Egipte het ek my seun geroep- *God het die kinders van Israel aangesien en God het hulle geken*. Of soos die 1983-Vertaling dit stel- *Hy (God) het die nood van die Israëliete gesien en dit ter harte geneem*. As God jou ken, as God jou sien, jy kom in God se hart, geen beter plek kan daar wees nie! AMEN